# TAKVERGADERINGS 2007

| | |
|---|---|
| **Januarie 2007**<br><br>Tydens die AJV is die volgende bestuur verkies:<br><br>Voorsitter: Nico Gey van Pittius<br><br>Ondervoorsitter: David de Klerk<br><br>Sekretaris: Fred Deas<br><br>Penningmeester: Glenda Raad<br><br>Uitstallings: Marianne Meyer<br><br>Kommunikasie: Ria van den Heever<br><br>Addisionele lid: Eugene du Toit | |
| **Februarie 2007**<br><br>Die BBC video The ghost in your genes is vertoon. | |
| **Maart 2007**<br><br>Nico Walters spreek die tak toe oor Die kinders van Altydgedacht, Durbanville**.** |  |
| **April 2007**<br><br>Nico Gey von Pittius se praatjie Ridders en Helde handel oor die bydrae wat die Gey von Pittius familie gemaak het tot die Napoleontiese en ander 18de eeuse oorloë. |  |

| | |
|---|---|
| **Mei 2007**<br><br>Die tak besoek die Africana afdeling van die JS Gericke biblioteek van die Universiteit van Stellenbosch. Mimi Seyffert gee daar 'n interessante praatjie oor die ontstaan van die versameling en wat die versameling behels. |  |
| **Junie 2007**<br><br>Die takverjaarsdag is gevier met voordragte deur die lede oor hul eie navorsing. | |
| **Julie 2007**<br><br>Die tak besoek Solms-Delta in Franschhoek. Die byeenkoms skop af met 'n besoek aan die museum en 'n wynproe. Daarna het prof Mark Solms en Tracey Randle 'n oorsig van die werksaamhede gegee met 'n besoek aan die hoofopstal. |  |
| **Augustus 2007**<br><br>Prof Robert Shell is die spreker met 'n onderwerp getiteld: The Slave Lodge – the possibility of formal family reconstitution techniques. |  |
| **24 September 2007**<br><br>Erfenisdag is in die Paarl gevier as deel van die Cultivaria fees. Die uitstalspan onder leiding van Mariana Olivier het uitstallings deur verskeie genealogiese organisasies gereel by die Holy |  |

| | |
|---|---|
| Trinity kerk. Foto: Eugene du Toit help vir Ena Swartz met ‘n navraag. | |
| **Oktober 2007**<br><br>Mariana Olivier het ‘n baie interessante voordarg gelewer oor Willem Adriaan Celliers en die Hendrik Witbooi opstand van 1904. | |
| **November 2007**<br><br>Die jaarlikse afsluitingsfunksie het die vorm van ‘n voorouertee aangeneem en lede het outydse klere aangetrek, outydse verversings saamgebring en vertel/gedemonstreer hoe dinge in vervloë dae gedoen is. | |